

STRATEGIE VIR SELFSTANDIGE OPENBARE SKOLE – MAAK AFRIKAANSE SKOLE UITNEMEND

Deur Hugo Vermeulen – Hoof: Skoleondersteuningsentrum van Helpende Hand

AGTERGROND:

- Beleef ons Afrikaanse openbare skole 'n krisis?
- Dalende getalle; verengelsing van universiteite.
- Ons Afrikaanse skole beleef 'n groter krisis as wat hulle besef. Vir die eerste keer in die bestaan van Afrikaanse skole word die vraag gevra of daar nog oor 20 jaar Afrikaanse openbare skole gaan wees.
- Afrikaanse skole op die platteland is al vir 'n geruime tyd onder druk, terwyl groter, stedelike Afrikaanse skole nog in 'n gemaksonde leef.
- Wat is die toekoms/antwoord vir Afrikaanse openbare skole? Wat is die antwoord vir klein en groot skole, welgestelde en arm skoolgemeenskappe?

Waar begin 'n mens om jou Afrikaanse skole uitnemend te maak en te behou?

1. DIE WIL OM VIR AFRIKAANSE SKOLE TE VEG

- Eerstens moet daar WILSKRAG wees – die wil om jou skool Afrikaans te hou; die wil om jou skool se Afrikaanse karakter te behou; en die wil om NIE te verengels nie. Ons moet beslis groter gesamentlike wilskrag ten toon stel.
- Afrikaanse skole het 'n trotse geskiedenis en is reeds van wêreldgehalte.
- Afrikaanse skole is bekend om hul dissipline – danksy hul dissipline lok hulle selfs swart leerlinge op die platteland.
- Beheerliggame en skoolhoofde moet met groot omsigtigheid te werk gaan indien hulle dit wil oorweeg om 'n Engelse klas/baan te implementeer – daar is net té veel voorbeelde van skole wat op die ou end heeltemal verengels en dus hul oorspronklike karakter verloor het. Ek is van mening dat daar genoeg Engelse skole is vir ouers wat hierdie opsie wil uitoefen.
- Ek wil 'n pleidooi lewer vir die behoud van moedertaalonderrigskole en dus ook vir die behoud van Afrikaanse skole. Ons moet sterk staan sterk en bereid wees om hiervoor te veg en op te offer – ter wille van ons nageslag.
- Ons moet die bome plant in die skadu waarvan nie ons nie, maar ons kleinkinders in gaan speel.
- Maar daar moet 'n wil wees – waar daar 'n wil is, is daar 'n weg.

2. GEHALTE-ONDERWYSERS

- Dit is die enkelbelangrikste dryfveer vir suksesvolle opvoeding – **passievolle onderwysers**.
- Stel die regte personeellede (nie noodwendig die beste nie) in sleutelposisies aan. Ek verwys uiteraard na die aanstelling van die skoolhoof, maar ook na sleutelposte

soos die graadeenjuffrou en die junior Wiskunde-onderwyser. Skole sal wys wees om gebruik te maak van professionele dienste om die beheerliggaam te help om die mees geskikte kandidaat aan te stel.

- Daar moet tot in die laaste loopgrawe geveg word vir die behoud van wetgewing dat beheerliggame die reg kan behou om aanstellings van onderwysers te maak en nie die departement nie. Die jongste aanbevelings dat die departement hieroor seggenskap moet hê, sal ernstige gevolge vir Afrikaanse skole inhou.
- Hoe gaan ons gehalte-onderwysers vir die toekoms kan bly voorsien? Ons moet privaat Afrikaanse opleidingsentrums (soos Aros) ondersteun, maar hulle ook verder uitbrei en selfs nuwes vestig waar onderwysers, veral hoërskoolonderwysers, in Afrikaans opgelei kan word.
- Skole moet spesiale inisiatiewe loods ten einde hul beste leerlinge te motiveer en te nomineer om onderwys as loopbaan te volg. Die klem moet gelê word op die opleiding van onderwysers in sleutelvakke soos Wiskunde, Afrikaans Huistaal en Wetenskap.
- Onderwysstudies moet aantreklik gemaak word vir Afrikaanse studente – deur rentevrye studieleninge en of beurskemas vir studente. Helpende Hand doen dit reeds deur middel van die Studiefondssentrum.
- Daarstelling van 'n databank van Afrikaanse onderwysers – skole kom klop aan by die databank as hulle op soek is na onderwysers vir sekere poste. Dit is 'n funksie wat deur die Skoleondersteuningsentrum (SOS) van Helpende Hand verrig kan word.

3. ONTWIKKELING VAN JOU SKOOL SE ONDERWYSKORPS

- Daar moet klem gelê word op **personeelontwikkeling** oor 'n breë spektrum – só behou ons Afrikaanse skole van wêreldgehalte – SOS kan voorsien in samewerking met Fedsas en die SAOU.
- Bestaande toponderwysers moet vir die professie behou word – skep 'n baan vir bevordering van talentvolle onderwysers deur hulle bloot te stel aan kwaliteit-opleidingsgeleenthede in bestuur en leierskap – dit kan deur SOS en Fedsas geskied.
- Vestig enkele privaat onderwysersentrums (plekke wat opleiding en fasiliteite aanbied) op 'n paar strategiese plekke in die land – maak gebruik van die kennis en ervaring van kundiges wat die onderwys onlangs verlaat het. By so 'n onderwysentrum sal die dienste van kundiges op die gebied van didaktiek, onderwysadministrasie, vakspesialisdienste, professionele dienste, soos arbeidsterapie en psigometriese dienste, beskikbaar wees vir Afrikaanse skole.
- Hoëkwaliteitopleiding moet aan onderwysers oor die breë spektrum van moderne tegnologie gebied word sodat die potensiaal van vakinhoud makliker, beter en vinniger ontsluit kan word tot voordeel van die leerlinge. Dit sluit in rekenaaropleiding, selfoontoeps, Google, die gebruikmaking van YouTube video's en beskikbare sagteware in Wiskunde. Dit kan onder meer deur SOS gelewer word.

4. BOU OP FONDAMENT VAN 'N WAARDESISTEEM

- Daar moet egter 'n stewige fondament wees waarop hierdie onderwys moet berus – die antwoord lê in **waardegedrewe onderwysbeginsels** wat reeds in 'n vroeë stadium in laerskole gekweek word en in die hoërskool vasgelê word. Dit sluit in

waardes soos hardwerkendheid, eerlikheid, lojaliteit, integriteit, geduld, verantwoordelikheid, beginselvastheid, respek ensovoorts.

- Beter leerlinge lewer beter studente en beter volwassenes (onderwysers en ouers). Hier kan ons leer uit die suksesse van die All Blacks en die Leeus wat dié beginsels toepas en die waardes van hul spelers verwag.
- Bou aan die opvoedingsdriehoek van skool, ouerhuis en kerk. Die kerk moet 'n meer aktiewe rol speel in die vestiging van 'n Christelike lewensbeskouing.

5. SAMEWERKING TUSSEN AFRIKAANSE SKOLE

- Deur nie saam te werk nie, gaan ons onself isoleer.
- Beheerliggame, en veral skoolhoofde, moet inkoop by die idee van **samewerking oor 'n breë spektrum van gebiede**, byvoorbeeld die identifisering van top-onderwysers op elke vakgebied in streeksverband en om die kundigheid van hierdie onderwysers met ander skole tot voordeel van meer leerlinge te deel. Op dié manier is daar 'n doelbewuste wegbeweeg van kompetisiegees en die afrokkeling van uitstekende onderwysers.
- Skole moet saamwerk wat personeelontwikkeling betref. Kom ons deel ons kennis en gesonde onderwyspraktyke met ander Afrikaanse skole.
- Daar moet ook 'n groter alliansie wees tussen skole op alle gebiede en die praktyk om talentvolle leerlinge van mekaar af te rokkel, moet beëindig word. Hoe meer gelyk die verspreiding van talent hoe beter is die kans dat meer skole goed kan vaar.
- Groter samewerking wat onderwysstrategie met voederlaerskole betref, moet bewerkstellig word.
- Afrikaanse skole moet dus 'n groot kopskuif / paradigmaskuif maak ten opsigte van samewerking /alliansievorming ten einde oorlewing te bewerkstellig. Daar is té min Afrikaanse skole oor om teen mekaar te werk.

6. HELP AFRIKAANSE PLATTELANDSE SKOLE OM TE OORLEEF

- Tegnologie moet optimaal aangewend word om gehalte-onderwys vir meer leerlinge en onderwysers landwyd oor vêr afstande te bring.
- Fasiliteite moet optimaal en oordeelkundig benut word – gebruik klaskamers in die namiddag vir byvoorbeeld ekstra klasse in Wiskunde.
- Kyk na die video.

7. LEER LESSE UIT NAMIBIË

- Ons buurland, Namibië, het hom betreklik onlangs in dieselfde situasie bevind. In September 1990 het Namibiese ouers verneem dat Engels vanaf Januarie 1991 (dus net drie maande later) die land se amptelike taal sou word en dat alle skole se onderrigmedium onmiddellik vanaf Afrikaans na Engels sou verander. Voorts is besluit dat moedertaalonderrig slegs tot aan die einde van graad vier aangebied sou word; alle handboekinhoud sou slegs in Engels wees; en alle vorme van evaluering en eksaminering sou slegs in Engels wees. Dit was 'n redelike skok vir Afrikaanse ouers.

- Ouers moes besluit – hou ons ons kinders in hierdie staatsopset of begin ons nuwe, eie planne maak? Vier maande later stig 'n groepie ouers met die hulp van hul kerk 'n eerste Afrikaanse privaat skool in die dorpie Outjo – die eerste van sy soort in Suidelike Afrika. Ouers moes hul mooi staatskoolgeboue, hul sale met ereborde, hul trofeeë, hul sportfasiliteite en gevestigde tradisies net so afstaan. Hulle moes vrede maak met afstand doen van hul geskiedenis en al hul prestasies en 'n nuwe skool op 'n nuwe, kleiner grondgebied begin, hoofsaaklik in opslaangeboue.
- Die gemeenskap moes ouers werf wat die beginsels en waardes van 'n nuwe, privaat skool sou ondersteun. Hulle moes by die ministerie registreer en al die papierwerk in orde kry. Onderwysers moes gewerf en aangestel word; die kurrikulum moes bepaal word en daar moes op 'n eksamenliggaam vir hul matrieks besluit word. Hulle moes eenvoudig net begin – aanvanklik met teenkating en skeptisisme uit eie geledere. Vandag handhaaf hierdie skool 'n konstante leerlingtal van meer as 220 en die skool gaan van krag tot krag.
- Vandag is daar sewe prominente Afrikaanse privaat skole in Namibië en hierdie skole huisves die meeste Afrikanerleerlinge.
- Wat het van die staatskole geword? Hulle bestaan nog. Slegs enkeles kon die tekens van die tye oorleef, maar hul personeelsamestelling en leerlingsamestelling reflekteer al geruime tyd die samestelling van die gemeenskap. Die meeste van die skole het in disfunksionele of semi-disfunksionele skole verval met net enkele toponderwysers wat steeds daar skoolhou omdat hulle verkies om in die staatsopset aan te bly ter wille van hul behuisingsubsidie, mediese en pensioenvoordele.
- Die sewe Afrikaanse privaat skole is almal heeltemal onafhanklik van die staat en seker baie duur, sou mens aanneem. Die antwoord is dat hulle verbasend bekostigbaar is. Hierdie gemeenskappe het die kuns bemeester om deeglike finansiële beplanning en bestuur toe te pas sodat hul sente twee keer omgedraai word.
- Vandag is hierdie privaat skole almal sterk leidende skole op akademiese, kultuur- en sportgebied in Namibië. Hulle is ookgeaffilieer by 'n oorkoepelende liggaam en vergader elke twee jaar om aktuele skoolsake te bespreek.
- Afrikaanse skole in Suid-Afrika kan gerus 'n afvaardiging stuur om die Afrikaanse privaat skole in Namibië te besoek – hulle het klaar die wiel ontwerp.

SAMEVATTING:

Met die nodige wilskrag kan die voortbestaan van Afrikaanse skole verseker word deur na uitnemendheid te streef. Om dit reg te kry, moet gefokus word op:

- Die aanstelling van gehalte-onderwysers;
- Die opleiding van onderwysstudente in Afrikaans aan privaat opleidingsinstansies; en
- Die professionele ontwikkeling van huidige onderwysers.

Aandag moet geskenk word aan waardegedrewe onderwys, asook aan goeie samewerking tussen alle Afrikaanse skole met spesifieke klem op hulpverlening aan kleiner, plattelandse Afrikaanse skole.

Daar kan ook geput word uit die lesse wat geleer is met die totstandkoming en voortbestaan van Afrikaanse privaat skole in Namibië.